

Voorwoord

Dit word gesê dat die liggaamsbou van 'n kameelperd alle bestanddele het van 'n voorstel wat op 'n kommissievergadenring aanvaar is. 'n Kommissie se voorstel dra 'n kompromisnkarakter. Aan alle hoofde se sinne moes bevrediging gegee word. Daarom het die „perd“ gesplete kloue soos 'n bees; kort agterbene en lang voorbene; 'n buitengewone lang nek met 'n potsierlike klein koppie en amperse horinkies; het hy bont kleure wat aan 'n basterboerbok herinner maar word hy 'n perd genoem waarvan die manlike geslag 'n bul en die vroulike geslag 'n koei is, terwyl sy kleintjies kalwertjies genoem word.

Iets van hierdie aard is bereik met hierdie gedenkboek wat aan 'n verskeidenheid van eise moes beantwoord. Dit moes, as vyftigjarigenjubileumuitgawe van die bestaan van die gemeennte, primêr 'n historiese beeld van ons Windhoekse „Moeder“n gemeente wees. Maar dit moes nie 'n droë notulerelaas of vertelling wees van wat gebeur het nie; dit moet nie lyste statistiek en name bevat nie; dit moet nie lywig wees nie; dit moet nie te swaar van stof wees en 'n akademiese indruk wek nie. (Daarom is hier geen voetnotas, bronnenvr wysings of 'n bronnelys nie.) Dit kon ook nie tematies opgestel word wat net één faset van die gemeente se lewe belig nie, bv. Eredienste, of Bouwerke, of Sending of Jeugwerk, of . . . noem maar op, nie. Dit gaan oor die vyftig jaar en meer van Gods genade aan 'n deel van Sy liggaam wat aan baie waters moes saai en in 'n pioniersland sy weg moes vind. Op hierdie weg is baie en kosbare siele aan die gemeente toevertrou en is vele geroep om op een of ander wyse sy bydrae te lewer. Die gedenkskrif vra om deur alle lidmate, oud en jonk, geleerd en ongeleerd, gelees en geniet te word en tóg om die lig te laat val op wat Gods ryke genade uit swakke menslike bou-



stene vermag het. Daarom is probeer om oorsigtelik die lig te laat swaai oor die volle tyd en die volle spektrum van die gemeentelike groei tot hiertoe. Die boekie dra flitse van die onderskeie akkers waarop gesaai en gewerk is, met die primêre begeerte om 'n totaalbeeld te probeer skep — en om nogtans in feestelike stemming gelees te kan word.

Dat die kerkraad vir my wat nooit 'n lidmaat van die gemeente was nie met hierdie opdrag vereer het, word hoog waardeer. Graag dank ek hul daarvoor en ek wil my ootmoedige dank ook betuig teenoor die gemeentelike argiefkommissie wat my onvoorwaardelik bygestaan het. Veral word hier die naam van Oom Capri Badenhorst genoem wat maar te gewillig was om te help. Beide die tyd- en ruimte-faktore het hul beperkinge gelê, maar tekortkominge moet op my rekening geplaas word. Nogtans is die bede en vertrouwe dat die werkie tog sal bydra tot 'n dankbare trots op en vereenselwiging met die gemeente van die Here alhier. Van harte geluk met die bereiking van die halfeeu — en ryke seënwense vir 'n getroue dienslewering in die jare wat kom.

WINDHOEK,
OKTOBER 1978

M. M. NIEUWOUDT

Inhoudsopgawe

I Die stad Windhoek.

Die naam 1; teorie van dr. Vedder 2; die plaas Windhoek, Van Rhynsdorp 3; stigting deur Jonker Afrikaner 5; sendelinge-stryd 6; Nama-Herero-stryd 8; stigting deur Curt von Francois 9.

II Ons lidmate in Suidwes-Afrika.

Mobiliteitstrekke oor die grense 11; kerklidmaatskap bly behoue 12; hulp by Rynse sendelinge 14; kontak met tuisgemeentes en kerkverband 15.

III Windhoek amper . . . en toe tog deel van 'n gemeente.

Stigting van die Gemeente van Groot Namaqualand 16; besoek van ds. A. G. T. Schoevers 18; organisasie te Gibeon 19; organisasie te Schaaprivier 20; Evangelische Vereinigung 22; besoek van di. H. P. van der Merwe en J. F. Botha 23; reorganisasie van Gemeente van Gibeon met Schaaprivierwyk 26.

IV Schaaprivierwyk word Windhoekwyk.

Oudl. A. F. Gous 28; ds. P. J. Conradie en mnr. M. H. le Roux 28; Nama- en Herero-opstand 29; kerkinrigting te Schaaprivier 30; besoek van ds. J. H. Hugo 31; heropbou van gemeente 32; organisasie van ds. C. W. Retief 33.

V Windhoek die pastorie-sentrum van Gibeon.

Huis te Gurus 35; koms van ds. W. J. Naude 36; huisbesoek rondom 38; eerw. Leonard verhuis na Windhoek 40; gemeentelike organisasie 41; 'n rit na Gobabis 43; Boufonds 44.

VI Die na-oorlogse Windhoek op weg na 'n selfstandige gemeente.

Samesmelting van siviele en militêre gemeenskappe 47; kerksaal te Schaaprivier 49; Windhoek-boufonds 50; boukommissie vir Windhoek-kerksaal 52; hoeksteenlegging 53; inwyding 54; bevestiging ds. K. W. le Roux 54; nuwe saal te Schaaprivier 56; ringsitting te Windhoek 57; Keetmanshoop stig af 58.

VII Windhoek — 'n Plattelandse gemeente.

„Ietwat onverwagse versoek" 60; afstigting op 12 Jan. 1929, ; leraars moet trek 63; ds. W. le Roux beroep 64; eerste kerkraadslede 64; vele buite-sentra 65; Ghanziland 66; getroue kerkraad 71; kerkraadskommissies 72; amptelike vervoer 73; veelkoppig maar één 76.

VIII Geseënde groei bring baie afstigings — Windhoek word 'n stadsgemeente.

Gobabis stig af 77; Okahandja 79; Windhoek-Wes 81; Windhoek-Eros 82; Windhoek-Oos 83; Suiderhof 87; elf nasate en 'n stadsgemeente bly oor 88.

IX Huisvesting vir die leraars en eredienste.

Verskeidenheid van plekke van byeenkoms 89; huurhuise 90; die eerste pastorie 90; die Okahandja-saal 91; spesiale insameling 93; Nina-kerksaal 95; inwyding 97; Schaapriviersaal verkoop 98; Gobabissaal 98; finansiële probleme tot; Windhoek-kerksaal vergroot 102; tweede pastorie gebou 103; 'n ou Duitse woonhuis as pastorie 104; Windhoek-saal verkoop en kerk gebou 104; inwyding 106; omstrede preekstoel 108; orrel 109; Eros-pastorie 110; Oos-pastorie 112.

X Die geestelike bediening en die gemeente in aksie.

Buitedienste 113; kerkraad waak vir die gesonde leer 115; hulppredikers 116; medeleraars 117; ds. A. P. Morgenthal 117; ds. K. W. le Roux aanvaar emeritaat 118; ds. J. H. Steenkamp 119; ds. C. J. Hugo 119; ds. P. L. Scholtz, ds. A. G. S. Gous en ds. G. J. Nel 120; ds. P. A. Du Toit 121; di. P. J. le Roux en M. Brand 122; gemeenteprogram 123; kategese en jeugwerk 125; onderwys 126; Christelike kulturele lewe 129; die diepere geestelike lewe 131; AEB 132; openbare sedelike lewe 136; „Rigting" 137; Enslinckommissie 138; Windhoekse Karnaval 139; „'n stinkende moeras" 139; dienste van Barmhartigheid 140; N.G.V.V. en Vrouediens 142; Hospitaal en Gevangenisbesoek 142; Sendingwerk 144; Kleurlingwerk 145; Bantoe-werk 146; verenigingslewe 149; Nuusbrief 150.

XI 'n Gemeente op weg . . . 151.

XII Ons leraars in diens 152.

XIII Bewaar die erns asseblief 169.